# HOËRSKOOL ELDORAIGNE

# VOORKOMSREËLS VIR DOGTERS

## SOMERSDRAG

'n Ware Eldo is te alle tye netjies en dra sy/haar skooldrag met die nodige trots, eerbied en ontsag op of vanaf die skoolterrein, tydens of na skool.



### Hare

Geen uitspattige modegiere nie bv. geen afgeskeerde hare in die nek of langs die kop of patrone/lyne mag in die hare geskeer word nie. Hare mag slegs een skakering ligter of donkerder as natuurlike haarkleur gekleur word. Highlights moet natuurlik wees in een skakering ligter of donkerder as natuurlike haarkleur. Hare moet vas gemaak word indien aan die kraag raak. Geen slierte langs die ore wat uithang nie.

Haarbenodigdhede moet funksioneel wees in die kleure donkergroen, bruin, wit, swart of deurskynend.

- Scrunchies mag gedra word soos in die bogenoemde kleure.
- Geen blink bykomstighede (bv. pêrels of diamanté) mag op haarbande of kopbande verskyn nie. Leerders mag wel 'n eenvoudige haarknippie dra (in die kleure soos hierbo uiteengesit).
- Haarbande mag nie meer as 5cm wees nie.
- Linte in die bogenoemde kleure word

### Kleurbaadjie

Effekleurige Olimpiese groen soos deur leweransiers verskaf. Verpligtend tydens skoolopeninge. Slegs goedgekeurde, amptelike Hoërskool Eldoraigne balkies, lapelwapens en knopies mag op baadjies gedra word.

### Trui

Moulose/oortrek skooltrui soos deur leweransiers verskaf. Langmou-skooltrui mag saam met somersdrag gedra word. Moue mag nie opgestoot of opgerol word nie.

### Rompe

Donkergroen soos deur leweransiers verskaf. Rompe mag nie korter as 5cm van die grond wees wanneer hulle op hulle knieë staan nie en mag nie onder die knieë wees nie. Daar mag nie synate wees nie. Die kleurbaadjie mag nie so lank of langer as die romp wees nie.

### Bykomstighede

Slegs seëlringe vir dogters mag op die ringvinger gedra word. Die Eldo-oorbelle mag gedra word. Oorringetjies/-knoppies: Dun, gladde ringetjies en knoppies in silwer of goud of 'silwer diamantknoppie in die onderste gat van 'n oorlel. Slegs een ringetjie of knoppie per oorlel is toelaatbaar. Maksimum deursnee van die ringetjie is 10mm en knoppie 3 mm onderskeidelik. Netjiese klein knoppies pêrel oorbelle van 5 mm in dogters se ore is ook aanvaarbaar. Geen ander juwele is toelaatbaar nie. Geen tatoeëermerke mag sigbaar wees nie.

### Grimering

Geen grimering, bv. onderlaag, maskara, en oogomlyner - ook nie by sport-geleenthede nie tensy die graadbestuur daarvoor toestemming verleen weens spesiale omstandighede. Geen wimperverlengings of permanente oogomlyner, microblading en poeier-wenkbroue word toegelaat nie.

### Serp

Mag nie gedra word nie.

### Hemp

Liggroen polikatoen kortmou-hemp met 'n oopslaankraag of 'n dashemp met 'n das.
Gr. 12: Wit hemp met gepaste onderklere

### Das

Voorgeskrewe skooldas word saam met 'n dashemp gedra, indien 'n oopslaankraaghemp nie gedra word nie. Die das mag nie gedeeltelik losgemaak of slordig gedra word nie. VLR: Spesifieke VLR-das mag alleenlik gedra word vir die termyn wat die leerder verkies is tot die VLR.

### Naels

Naellengte - Naels mag nie oor die vingerpunte steek, wanneer die hand omgedraai word nie. Opgeboude en kunsnaels is verbode. Slegs kleurlose naellak is toelaatbaar.

### Langbroek

Donkergroen broek wat netjies pas. Dit mag nie volgens modegiere verstel word nie.

### Kouse

Kort groen sokkies soos deur leweransiers verskaf. Die sokkies word slegs een maal omgevou.

### Skoene

Swart toeryg- of bandjie skoolskoene. Geen opgeboude sole nie. Skoolskoene moet te alle tye vasgemaak wees.

Eldo Leerders

# HOËRSKOOL ELDORAIGNE
# VOORKOMSREËLS VIR SEUNS
## SOMERSDRAG

‘n Ware Eldo is te alle tye netjies en dra sy/haar skooldrag met die nodige trots, eerbied en ontsag op of vanaf die skoolterrein, tydens of na skool.



### Hare

Seuns se hare word individueel beoordeel vir algemene netheid en voorkoms.
Algemene riglyne:

- Die hare mag nie aan die ore of aan die hemp se kraag raak nie.
- Die hare moet so gesny wees dat dit of oral ewe kort is of kort aan die kant en geleidelik langer word na boontoe, binne die grense van hierdie kode.
- Wangbaarde mag nie laer as die middel van die oor gedra word nie en moet kort gesny wees.
- Hare mag nie gekleur of gebleik word nie, ook nie highlights nie.
- Kuif mag nie aan die wenkbroue raak nie.

### Kleurbaadjie

Effekleurige Olimpiese groen soos deur leweransiers verskaf. Verpligtend tydens skoolopeninge. Slegs goedgekeurde, amptelike Hoërskool Eldoraigne balkies, lapelwapens en knopies mag op baadjies gedra word.

### Trui

Moulose/oortrek skooltrui soos deur leweransiers verskaf. Langmou-skooltrui mag saam met somersdrag gedra word. Moue mag nie opgestoot of opgerol word nie.

### Broek

Gladde grys poliëster/viskosebroek (langbroek, met swart of grys gordel met standaard gespe). Broek moet netjies pas. Grys kort-broeke moet verkieslik in die somer gedra word.
‘n Gordel is verpligtend by langbroeke.
Broeke moet netjies pas. Broekspype mag nie volgens modegiere verstel word nie.

### Bykomstighede

Geen juwele of bykomstighede soos sonbrille mag deur seuns gedra word nie. Die Eldo-keppie mag gedra word maar word tydens gebed, openinge, toetse en klastyd afgehaal. Geen tatoeëermerke mag sigbaar wees nie.

### Baarde

Waar baardgroei dit regverdig, moet dit gereeld geskeer word asook tydens eksamentye. Geen baardstoppels word toegelaat waar die skool verteenwoordig word of by die skool nie.

### Serp

Mag nie gedra word nie.

### Das

Voorgeskrewe skooldas saam met baadjie in winter of met ‘n dashemp in die somer. Die das mag nie gedeeltelik losgemaak of slordig gedra word nie.
VLR: Spesifieke VLR-das mag alleenlik gedra word vir die termyn wat die leerder verkies is tot die VLR.

### Hemp

Liggroen polikatoen kortmou-hemp met ‘n oopslaankraag of ‘n dashemp met ‘n das.
Gr. 12: Wit hemp.

### Kouse

Voorgeskrewe grys skoolkouse met strepe. Saam met kortbroeke moet kouse netjies opgetrek wees.
LR: Slegs patroon-/prentjielose beige kouse mag gedra word saam met seremoniële drag.

### Skoene

Swart toeryg skoolskoene sonder gekleurde insetsels, geen skerppuntskoene nie. Geen opgeboude sole nie. Skoolskoene moet te alle tye vasgemaak wees.